Vrydag **23 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 18:28-40**

**Fokusgedeelte: Johannes 18:37**

**Die Jode se valsheid deur Pilatus se vrae ontbloot**

Haastig val die besluit – Hy moet sterf – en nog haastiger word Jesus na Pilatus gelei. Voordat die volk ontwaak, moet die saak beklink wees. Gou moet hierdie Jesus weg.

So het Pilatus buite die Antonia-vesting vir die Jode gevra: “Watter aanklag bring julle teen hierdie man in?” Volgens hulle is Hy ’n misdadiger en het Hy die volk tot opstand aangevuur, hulle belet om aan die keiser belasting te betaal, en beweer dat Hy die Christus, die Koning is (Luk. 23:2). So wil hulle die Romeinse regter oorreed om Jesus die doodstraf op te lê, want dan sal dit ’n kruisdood wees. So sal Hy aan ’n vervloekte houtpaal hang (vgl. Deut. 21:23; Gal. 3:13).

Na Pilatus die Jode se aanklag hoor, draai hy geïrriteerd na binne om Jesus hieroor te ondervra: “Is jy die koning van die Jode?” en later: “Dan is jy tog ’n koning?” Jesus antwoord bevestigend, maar geduldig verduidelik Hy dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Ondanks Pilatus se siniese opmerking: “Wat is waarheid?” het daar onwillekeurig bewondering vir Jesus by hom ontstaan. Want hy gaan vasberade na buite om aan die Jode te sê dat hy geen skuld in hulle Gevangene vind nie. So ontbloot hy hulle valse aantygings.

As heiden begryp Pilatus egter nie Jesus se ware identiteit nie, aangesien dit eers is wanneer die Gees in jou lewe insig bewerk, dat jou gedagtes gaan verander. Jesus onskuldig, uiteindelik onregverdig veroordeel om so ons sondeskuld te dra. Jesus Christus, ons Middelaar en Verlosser.

Juis hierin vind ons die troos van die evangelie as ons met skaamte oor ons eie sonde, besef hoe groot God se genade oor ons in Christus Jesus is.

*Sing: Psalm 145-1:1, 3*

*Ds. JE (Blok) Franck (Ladysmith/Harrismith)*